



Jesus Leef en ons met Hom

### 1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming en verversings.

#### Ysbreker

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?

Wat was jou idee van die Heilige Gees toe jy 'n kind was?

### 2. Kontak met God

Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Lees **Psalm 104: 24-34, 35b** as 'n gebed.

Dink hieroor na: Op watter verskillende manier kan jy die Here raaksien rondom jou?

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.

Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

### 3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

#### Gesels oor die volgende:

- ✦ Wat dink julle was die funksie van die stormwind en die vuur?
- ✦ As ons in aanmerking neem dat die tale nie vreemde tale was nie maar bestaande, bekende tale – wat dink julle was die funksie daarvan?
- ✦ Met watter doel dink julle het Petrus Joël 2: 28-32 aangehaal? Wat wou hy daarmee bereik? Wat is die boodskap daarvan?
- ✦ Wat is die gevolg van die Gees se werking? Waartoe dring die Gees ons? (Hier kan julle die gedagtes van die preek in ag neem).
- ✦ Hoe het die Heilige Gees Petrus se lewe verander? Hoe het die Gees jou verander? Het die Gees jou hart, houding, denke, optrede ens verander? Wat was die gevolg?
- ✦ In 'n land waar daar ras, taal en ander grense en afstande tussen mense is, hoe help die uitstorting van die Gees ons? Op watter maniere sien ons die werking van die Heilige Gees vandag? Hoe ervaar julle dit?
- ✦ Die Heilige Gees bemagtig ons om ons geloof te gaan deel. Hoe kan julle dit hierdie week gaan doen?

### 4. Bedien mekaar:

Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om 'n opstandingslewe te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir die gawe van Sy Gees. Dank Hom dat Hy ons wil gebruik as Sy getuies en vra dat Hy ons daarmee sal help.

#### Pitkos:

Laat toe dat Heilige Gees jou verander deur die Bybel gedeelte en ander se insette. Handelinge 2: 1 - 21 is 'n diep stuk wat ons leer hoe vakleerlinge van Jesus leef. Lees elke dag Handelinge 2: 1 - 21 (oorweeg dit om elke dag dié verse in 'n ander vertaling te lees) weer stadig én oordink dan en luister wat sê dit vir jou oor God, oor jouself en oor wat die Gees van jou vra om te doen of selfs ophou om te doen. Laat jou siel vir die res van die dag daarin marineer. Let fyn op watter gedeeltes elke keer met jou praat en wat die rede agter dit is.

#### Nabetragting (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?

Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?